

16 Januarie Numeri 14:1-25, (Teks: 14:10,22-24)

Gelowig die toekoms in

Baie van ons is skepties en soms ook pessimisties oor die lewe hier in Suid-Afrika. Rondom die braaivleisvure en by ander kuiergeleenthede word graag saam gekla oor hoe sleg dit vandag gaan en oor hoe donker die toekoms lyk. Wat sê God aan sy kinders wat kerm en kla, al het Hy hulle al so baie verlos?

Dink aan God se daede! Dink aan al God se reddingsdade in Israel se geskiedenis, in die kerk- en jou lewensgeskiedenis. Dink veral aan God se reddingsdaad in Jesus Christus. Die Here het nog altyd vir sy kinders gesorg. So het die Here ook nog altyd vir jou gesorg (vgl. Jesaja 40:10-11; 43:1-3).

Moenie aan God se verlossingskrag twyfel nie! Moet nie op die rand van die beloofde land, na alles wat God reeds gedoen het, in God se verlossingskrag twyfel nie! Waarom kerm en kla ons so maklik? Is dit omdat ons twyfel of God weer uitkoms sal gee? Wanneer jy kla en brom oor al jou probleme sê jy eintlik dat die probleme van vandag en môre groter is as die krag van die Here.

Glo dat God inderdaad verlos! Die Here het nog altyd vir sy kinders gesorg. Kyk met gelowige oë na vandag en na die dae wat voorlê. Juis daar waar almal staan en kla moet ons getuig dat God wel uitkoms sal gee, omdat ons met gelowige oë na die toekoms kyk.

Sing: Psalm 92:6-8

Ds. L.J. Venter (Benoni)